Meer oor waar Vriende van Afrikaans (VVA) vandaan kom

'n Klein groepie Afrikaanssprekendes het hierdie vereniging op 8 Februarie 1994 in Stellenbosch gestig onder die ywerige leiding van prof Johan Combrink, 'n bekende taalkundige en 'n vurige kampvegter vir Afrikaans. Hy vestig die VVA se hoofkantoor in Stellenbosch. Hy het talle takke landwyd gestig, gekoördineer en voorsien van leesstof oor Afrikaans. Sy geesdrif en ywer vir Afrikaans was aansteeklik, ook omdat hy Afrikaans meesterlik kon gebruik!

Na sy dood op 25 Julie 1999 word sy werk deur sy vrou, dr Louise Combrink, voortgesit. Sy is op die oomblik die nasionale voorsitter van die Spitsraad, 'n benaming wat Johan nog gekies het. Gideon Joubert is die ondervoorsitter, Nolte Smit die notulerende sekretaris en Izak Lessing die tesourier. Amanda de Stadler is die Uitvoerende Beampte (021 808 3743/vvafr@sun.ac.za) en Phia van der Westhuizen die Administratiewe Beampte (021 8083745/vvafr@sun.ac.za). Hulle beman die kantoor in die gebou van die WAT in Banghoekweg 115 op weeksdae tussen 8:00 en 14:00.

Die VVA is 'n nie belastingpligtige organisasie en het 'n eie grondwet. Ons Ledevergadering vind drie keer per jaar plaas. Ons nuusbrief, *Doendinge vir Afrikaans,* verskyn vier keer per jaar.